# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTING, RESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN SUGGESTIES VIR VERDERE NAVORSING

## 4.1 INLEIDING

Hierdie slothoofstuk bestaan hoofsaaklik uit drie dele. In 4.2, hier onder, word die fokuspunte van die onderhawige studie saamgevat. In 4.3 volg die resultate en die gevolgtrekkings waartoe gekom word en in 4.4 word 'n aantal verwante moontlikhede genoem wat verder nagevors kan word. In 4.5 word met 'n baie kort slotgedagte afgesluit.

## 4.2 SAMEVATTING

Vernuwing in die onderwys, wat beter onderwys tot gevolg sal hê, neem tans oor feitlik die hele wêreld die aandag van meer as net opvoedkundiges in beslag. Dit volg op verantwoordbare vooruitskouings van wat geantisipeer kan word deur 'n duidelike vertolking van die moderne ontwikkelinge. By implikasie geld dit ook vir die opleiding van onderwysers.

Een van die moontlikhede wat aan die hand gedoen word om onderwysersopleidingsprogramme te verbeter, is om 'n sterker praktiese komponent in die opleiding in te bou. Dit dien dan as aanvulling vir proefonderwys met die doel om die gaping tussen die teorie en die praktyk beter te oorbrug. Om met sukses onderwys te gee verg meer as net 'n teoretiese kennis. Die onderwyser moet ook oor onderwysvaardighede beskik, hy moet sy kennis aan sy leerlinge kan oordra.

Die vaardighede word deur middel van inoefening in praktiese opleidingsituasies verwerf. Dit kan tydens proefonderwys aan skole geskied, maar verkieslik in instituutpraktikumsessies wat vir die doel by die opleidingsinrigting gereël word. Die toepassing van vaardighede - desnoods herhaling daarvan - geskied dan makliker onder toesig van 'n dosent.

'n Suksesvolle onderwyser moet oor 'n groot aantal didaktiese vaardighede beskik. Een hiervan is begeleiding.

Die probleem is egter dat begeleiding in sy pedagogiese en didaktiese konteks vir onderwyskundiges dikwels 'n onhanteerbare begrip is, dit is vaag en as vaardigheid nie geredelik waarneembaar nie (vgl. 1.2). Daar is gevolglik tot die geoperasionaliseerde beskrywing van begeleiding gekom dat dit 'n vaardigheid is wat in praktiese opleidingsituasies - vermoedelik ook met die hulp van 'n begeleidingsinstrument wat ontwerp is, aangeleer kan word. Die betroubaarheid wat die instrument as opleidingsinstrument het, is reeds bewys (vgl. Müller, 1977 : 165).

Die doel met die onderhawige studie was om die geldigheid wat die begeleidingsinstrument as opleidingsinstrument mag hê, te bewys. Die instrument sal as opleidingsinstrument geldig wees as onderwysstudente wat met behulp daarvan opgelei is, begeleiding as onderwysvaardigheid kwalitatief en kwantitatief beter benut as onderwysstudente wat daar sonder opgelei is.

Om die noodsaaklikheid van 'n sterker praktiese komponent in die opleiding van onderwysers te beklemtoon, waarin die begeleidingsinstrument ook kan figureer, was dit in die eerste plek nodig om 'n uitgebreide literatuurstudie te doen. Hierdie werkswyse het die volgende ten doel gehad:-

(i) Duidelike omlyning van die doel met geïnstitusionaliseerde onderwys in die Republiek van Suid-Afrika, binne die raamwerk van die wetlike bepalings, maar veral in aansluiting by die Christelike aard van beide die Afrikaans- sowel as die Engelssprekende dele van die bevolking (vgl. 2.2).

(ii) Identifisering van eise wat aan die opvoedende onderwyser na aanleiding van die bogenoemde gestel word, dit wil sê dat die Christenonderwyser moet beskik oor kennis, vaardighede en houdings wat sterk op die mikrovlak figureer, maar wat ook op die meso- en makrovlakke as noodsaaklike vereistes vir die suksesvolle vervulling van sy roeping geld (vgl. 2.3).

(iii) Met die identifisering van determinante wat die inhoud van onderwysersopleidingsprogramme bepaal en wat figureer in die struktuur wat in onderwysersopleiding gevind is, is die bogenoemde eise steeds met die oog op die realisering daarvan in gedagte gehou (vgl. 2.4).

(iv) Daarstelling van 'n opleidingsprogram met 'n sterker praktiese opleidingskomponent, in aansluiting by (iii) hierbo, wat as aanvulling vir proefonderwys by skole gesien moet word en waarin onderwysvaardighede en -tegnieke in instituutpraktikumsessies aan opleidingsinrigtings verwerf kan word (vgl. 2.5).

(v) Regverdiging vir die operasionalisering van begeleiding, die ontwerp van die begeleidingsinstrument en die implementering daarvan in die opleidingsituasie met die doel om begeleiding as vaardigheid te bemeester.

Na die literatuurstudie wat gedoen is, waarin regverdiging vir 'n sterk praktiese opleidingskomponent gevind is en waarin die begeleidingsinstrument onder andere benut kan word, volg in die <u>tweede plek</u> 'n <u>eksperiment</u> aan die hand waarvan die geldigheid van die begeleidingsinstrument as opleidingsmiddel ondersoek is.

Deur middel van 'n eksperimentele ondersoek wat by die Randse Afrikaanse Universiteit uitgevoer is, is 'n poging aangewend om die geldigheid wat hierbo genoem is, te bepaal. Dit is gedoen deur die toetsresultate van eksperimentele groepe wat met behulp van die begeleidingsinstrument opgelei is (voor- en natoetse) te vergelyk met ooreenstemmende toetsresultate van die kontrolegroepe wat gelyktydig met die eersgenoemde groepe op 'n soortgelyke wyse opgelei is maar sonder die instrument wat vir die doel ontwerp is. Daar word geredeneer dat variasies wat hier in die toetsresultate gevind mag word, veral as dit ten gunste van die eksperimentele groepe sal wees, toegeskryf moet word aan die opleiding waarin die begeleidingsinstrument benut was en wat die geldigheid van die instrument as opleidingsinstrument bewys.

Onderwysstudente wat gedurende 1977 in hulle finale studiejaar was, is in die empiriese ondersoek as proefpersone betrek. Op grond van 'n ewekansige, toevallige steekproef is twee eksperimentele en twee kontrolegroepe saamgestel (vgl. Bylae B, C, D en E). Voordat enige begeleidingsopleiding plaasgevind het, is voortoetse by al die groepe afgeneem. Dit was in die vorm van mikrolesse wat op videobande opgeneem is. Daarna het die begeleidingsopleiding oor 'n tydperk van drie weke verloop. Die eksperimentele en kontrolegroepe is teoreties op identiese wyse opgelei, die eersgenoemde groepe het egter ook nog die begeleidingsinstrument in praktiese opleidingsessies benut. Die omstandighede waaronder alle opleiding plaasgevind het, is gekontroleer om alle faktore behalwe die eksperimentele faktor - die gebruikmaking van die begeleidingsinstrument - sover moontlik konstant te hou. Direk na die opleiding is natoetse afgelê - weer eens mikrolesse wat op videobande opgeneem is.

Al die mikrolesse op videobande (voor- en natoetse) is direk nadat dit opgeneem is deur die projekleier (vgl. groepnavorsingsprogram, 3.2) gemeng en van geheime kodenommers voorsien. Dit is gedoen om die identiteit daarvan (voor- of natoetse) vir die kodeerder, ter wille van objektiewe kodering, te verberg. Nadat al die lesse gekodeer was, en die resultate op koderingskaarte aangebring was is die kodenommers aan die kodeerder bekendgestel en kon die gegewens in groepe gerangskik word (eksperimentele en kontrolegroepe vgl. Tabelle 1-8). Daarna is oorgegaan tot die tref van vergelykings.

Verskillende metodes is hier oorweeg. Na die voorbeeld van Maarschalk, 1977 : 123) is gebruik gemaak van totaliteitshistogramme (vgl. 3.6.3). Statistiese toetsmetodes is ook benut om tot meer betroubare gevolgtrekkings te kom, te wete die $X^2$-toets (vgl. 3.6.4.3), die Tekentoets (vgl. 3.6.4.4) en die Wilcoxon-toets (vgl. 3.6.4.5). Met die hulp van hierdie toetsresultate is daar tot verantwoorde gevolgtrekkings gekom.

## 4.3 RESULTATE EN GEVOLGTREKKINGS

Deur die voor- en natoetsresultate met behulp van totaliteitshistogramme te vergelyk, blyk dit duidelik dat die eksperimentele-groepe betekenisvolle baat by die begeleidingsopleiding gevind het. In die natoetsresultate manifesteer begeleidingskategorieë met 'n beter kwaliteit (B3, I3 ensovoorts), veral wat beplande begeleiding (B3, B2) betref (vgl. Figuur 21). Dit is heelwaarskynlik te wyte daaraan dat 'n les in die praktyk eers deur die onderwyser klaar gegee word, waarna die leerlinge die vrymoedigheid neem om hulle probleme te stel en daar begelei word. Dit blyk ook uit Tabel 10(a) in vergelyking met 10(b) en Tabel 12(a) in vergelyking met 12(b) dat meer toetslinge in die eksperimentele groepe in die natoetse begeleidingskategorieë van 'n beter kwaliteit benut het as in die voortoetse. Die gevolgtrekking is dus dat die lede van die eksperimentele groepe na die opleiding beter daartoe in staat was om te begelei as die van die kontrolegroepe. Laasgenoemde groepe se opleiding het nie 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die kwaliteit of kwantiteit van hulle begeleiding nie. Daar word tot dié slotsom gekom omdat geen betekenisvolle verskille tussen die voor- en natoetsresultate ten opsigte van die kontrolegroepe in die totaliteitshistogramme en in die tabelle wat hierbo genoem is, gevind is nie.

Die geldigheid van die begeleidingsinstrument as opleidingsinstrument is voorts statisties getoets.

Voordat met die eksperimentele opleiding begin is, is die twee eksperimentele groepe en die twee kontrolegroepe aan voortoetse onderwerp. Vanweë die komplekse aard van die begeleidingsnavorsingsprogram, word dit as eerste en tweede natoetse aangedui (vgl. Figuur 15). Die $X^2$-toets is op hierdie resultate toegepas en geen beduidende verband is gevind tussen die persentasie begeleiding per les en die opleiding wat vooraf in die groepnavorsingsprogram plaasgevind het nie (vgl. Figuur 14). Dit beteken dat die voorkennis van die eksperimentele en kontrolegroepe - in soverre dit begeleiding betref - met die aanvang van die begeleidingsopleiding nie verskil het nie. Indien die bevinding nie gerealiseer het

nie, sou geen betroubare vergelykings verderaan getref kon word nie en sou die studie daar gelaat moes word.

Toepassing van die $X^2$-toets op die natoetsresultate van die eksperimentele en kontrolegroepe in albei die opleidingsiklusse het 'n beduidende verband gevind tussen die opleiding en die persentasie begeleiding per les (vgl. 3.6.4.3.d). Dit dui daarop dat die begeleidingsinstrument 'n beduidende invloed op die opleiding van die eksperimentele groepe gehad het. Op hierdie stadium was die rigting van die invloed wat die instrument op die opleiding gehad het egter nog onseker. Dit is derhalwe met behulp van die Tekentoets ondersoek (vgl. 3.6.4.4).

Aan die hand van die bogenoemde toets is daar geen beduidende verskille in terme van persentasie begeleiding per les tussen die voor- en natoetsresultate van die kontrolegroepe gevind nie (vgl. 3.6.4.4.c(i) en 3.6.4.4.d.(i)). Die tradisionele opleiding wat die kontrolegroepe ondergaan het, het derhalwe in terme van die persentasie begeleiding per les nie geslaag nie. By die eksperimentele groepe is beduidende positiewe verskille tussen die voor- en natoetsresultate in terme van persentasie begeleiding per les gevind en wel in albei die opleidingsiklusse (vgl. 3.6.4.4. c.(ii) en 3.6.4.4.d.(ii)). Die toename in die persentasie begeleiding per les wat die eksperimentele groepe ervaar het, kan slegs aan die toepassing van die begeleidingsinstrument in die opleiding van die eksperimentele groepe toegeskryf word (vgl. 3.6.4.4.e).

Ten slotte is die Wilcoxon-toets as toetsmetode benut om die relatiewe grootte, sowel as die rigting van die verskille te oorweeg. Laasgenoemde dien as bevestiging van die bevindings wat op die Tekentoets gegrond is. Die verskille tussen die voor- en natoetsresultate van die kontrolegroepe word teen die ooreenstemmende resultate van die eksperimentele groepe, wat in dieselfde opleidingsiklus opgelei is gestel. In alle gevalle is die "groei" wat die persentasie begeleiding per les betref, die aangeleentheid wat hier oorweeg word. In albei opleidingsiklusse (vgl. 3.6.4.5. c.(i) en 3.6.4.5.c.(ii)) word by die eksperimentele groepe groter positiewe verskille tussen die voor- en natoetsresultate gevind as

by die kontrolegroepe.

Op grond van die voorgaande uitslae van die totaliteitshistogramme, die $X^2$ -, die Teken- en die Wilcoxon-toets kan die volgende samevattende gevolgtrekking gestel word:-

(i) Die begeleidingsinstrument wat in die onderhawige eksperiment toegepas is, is 'n geldige opleidingsinstrument aangesien gebruik daarvan beduidende positiewe kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe (vgl. 3.6.3.1.c) toename in toepassin van begeleiding by die eksperimentele groepe teweeggebring het.

(ii) Die implementering van die begeleidingsinstrument lei tot 'n beduidend groter positiewe kwalitatiewe en kwantitatiewe toename in begeleiding in lesse deur onderwysstudente.

## 4.4 SUGGESTIES VIR VERDERE NAVORSING

Voortvloeiend uit hierdie studie is dit van belang om ook die volgende deeglik te ondersoek:

1. Die blywendheid van die opleiding wat met behulp van die begeleidingsinstrument behaal is, moet vasgestel word. Dit impliseer 'n ondersoek wat sal bepaal of die aanvanklike kwantitatiewe en kwalitatiewe verskille ten opsigte van begeleiding by die eksperimentele en kontrolegroepe divergeer of konvergeer. Dit kan realiseer aan die hand van opvolgstudies wat van tyd tot tyd met verlengde tydsintervalle met behulp van verteenwoordigende populasies uitgevoer word.

2. Ondersoek na die moontlikheid dat oordrag van vaardighede, tegnieke, ensovoorts, wat tydens opleiding verwerf is, negatief beïnvloed word deur faktore wat in die skoolse praktyk teenwoordig is.

3. Ondersoek na die moontlike bydrae wat begeleiding tot effek-

tiewe gedifferensieerde onderwys kan maak.

4. Verdere ontginning van interaksie-analises as 'n deel van onderwysersopleiding, met die oog op die identifisering van die essensiële vaardighede wat in effektiewe onderwysersopleidingsprogramme moet figureer.

5. Kritiese ondersoek na die begeleidingsinstrument van Müller, wat in die ondersoek gebruik is, veral ten opsigte van die verfyning van die begeleidingskategorieë.

## 4.5 SLOT

God het die Christenonderwyser tot Sy diens geroep. "Hy is voortdurend bewus van sy algemene roeping om God te dien en te eer deur sy opvoedende onderwys en hy sien biddend op om krag en genade en lig om in sy beroep sy algemene roeping te vervul." (Preller, 1979 : 680). Om werklik effektiewe diens te lewer, verg effektiewe opleiding. Die vaardighede om te begelei is een van die vele didaktiese bekwaamhede waaroor 'n Christenonderwyser moet beskik. Gesien vanuit hierdie perspektief word die hoop gekoester dat hierdie studie van waarde sal wees vir onderwysersopleiding in die algemeen en vir die verwerwing van begeleiding as onderwysvaardigheid in besonder, deur gebruikmaking van instituutpraktikumsessies.